WESKUS
DISTRIKSMUNISIPALITEIT

DEERNISBELEID

2015/2016

DEERNISBELEID

1. DEFINISIES EN WOORDOMSKRYWINGS:

Vir die doel van hierdie dokument sal met betrekking tot die volgende woordomskrywings geld en beteken:

a) *deernisbeleid:* prosedures en riglyne voorsien vir die subsidiëring van basiese dienste en tariefheffings aan huishoudings wie daarvoor kwalifiseer.

b) *bewoner:* enige persoon wat enige eiendom of deel daarvan okkupeer, sonder inagneming van die titel ingevolge waarvan hy of sy die perseel okkupeer;

c) *deernishuishoudings:* huishoudings wat by die munisipaliteit as sodanige geregistreer is, voldoen aan die munisipaliteit se kriteria en wat ‘n eiendom binne die jurisdiksie van die munisipaliteit bewoon.

d) *verbruiker:* enige bewoner van enige eiendom waartoe die munisipalitet toegestem het om dienste te verskaf of reeds dienste verskaf;

e) *kredietbeheer- en skuldinvordering:* enige funksie wat verband hou met die invordering van enige gelde wat verskuldig en betaalbaar is aan die munisipaliteit;

f) *dienste:* daardie dienste en tariewe wat verskyn op die munisipale rekening en waarvoor die munisipaliteit betaling verwag; asook heffings of dienstegelde ten opsigte van elektrisiteit, waterverbruik, vullisverwydering, riooldienste, rente, diverse en allerlei ander heffings.

g) *raad:* die munisipale raad van die Weskus Distriksmunisipaliteit

h) *tarief:* gelde, kostes of fooie ten opsigte van enige funksie of diens van die munisipaliteit.

i) *Wetgewing:* Die Wet op Plaaslike Regering: MunisipaleStelsels, 2000 (Wet 32 van 2000), Munisipale Finansiële Bestuurswet, (No 56 van 2003) en enige ander toepaslike wetgewing.

2. DOEL VAN DIE DEERNISBELEID:

2.1 Die beleid verseker die voorsiening van basiese dienste aan die verbruikers op ‘n volhoudbare manier, binne die raad se finansiële en administratiewe kapasiteit; en

2.2 Stel prosedures en riglyne daar vir die subsidiëring van basiese dienste aan deernis huishoudings, deur gebruik te maak van die raad se begrotingsvoorsienings soos ontvang vanaf die Nasionale Regering in ooreenstemming met voorgeskrewe beleidsriglyne.

3. DEERNISHUISHOUDING:

3.1 Kriteria:

Die maatstaf vir die bepaling van ‘n deernis huishouding is die bepaling van die totale inkomste van die hele huishouding om gelyk aan of minder te wees as twee maal die maandelikse ouderdomspensioen van tyd tot tyd deur die staat bepaal plus 10% ongeag of daardie huishouding kwalifiseer vir ouderdomspensioen of nie.

3.2 Finansiële bystand:

Deernis huishoudings ontvang 100% subsidie vir:

(a) Water tot ‘n maksimum van 6 kiloliter
(b) Vullisverwydering
(c) Rioolheffing (1 pan)
(d) Elektrisiteit – 100 eenhede
(e) Eiendomsbelasting tot ‘n maksimumwaardasie van R50 000
(f) Huishuur – 67% van huishuurgehef

3.3 Aanvang van subsidie vir ‘n deernishuishouding

Alle aansoeke vir deernis subsidie ontvang in ‘n spesifieke maand sal eers vir subsidie kwalifiseer in die maand wat volg op die maand waarin die aansoek ontvang is.

4. UITSLUITINGS:

Huishoudings wat oor meer as een woning beskik, sal nie kwalifiseer vir subsidie nie.

5. TYDPERK VAN GOEDKEURING:

Alle aansoeke goedgekeur sal slegs geldig wees vir die finansiële jaar waarin goedgekeur. Geen waarborg kan verleen word dat dieselfde subsidie bedrag of enige verdere subsidie vir die daaropvolgende finansiële jaar toegestaan sal word nie.

Deernishuishoudings moet die raad in kennis stel indien hul finansiële status verander. Hierdie beginsel sal ook geld vir enige daaropvolgende jaar solank interowerheidstoekennings aan Munisipaliteite toegestaan word.

6. DIEFSTAL EN BEDROG:

Indien ‘n huishouding op ‘n oneerlike wyse by wyse van ‘n valse verklaring deur die aansoeker ‘n subsidie ontvang of in gebreke bly om die Raad in kennis te stel dat die huishouding se omstandighede verbeter het, byvoorbeeld dat die huishouding se inkomste meer is as die perk wat die Raad van tyd tot tyd bepaal, sal die subsidie permanent teruggetrek word met geen terug werkende eis of rente teen die beskuldigde nie.

7. OOREENKOMS:

Elke aansoeker sal ‘n skriftelike ooreenkoms in duplikaat met die Munisipaliteit aangaan namens die deernishuishouding om sy maandelikse verpligtinge getrou na te kom en indien die deernishuishouding se totale bedrag van rekening meer is as die gesubsidieërde bedrag, sal verbruikers dienste summier gestaak word indien die verskuldigde balans nie voor of op die 20ste van elke maand tenvolle vereffen is nie.

8. ONDERSOEKE:

Die Raad hou die reg voor om besonderhede en inligting te verifieër deur huishoudings te besoek om sosio-ekonomiese opnames en sensusse te doen ten einde inligting en omstandighede te verkry.

9. TOEKENNING VAN DEERNIS SUBSIDIE:

Die deernis huishouding se maandelikse rekening sal op ‘n maandelikse grondslag gekrediteer word met die bedrag in ooreenstemming met die subsidie soos vasgestel deur die raad.

Die huishouding moet jaarliks heraansoek doen vir voortsetting van die subsidie.

10. BEFONDSING:

Die bron van inkomste vir die deernis subsidie is die bydrae uit die billikheidsaandeel wat die regering uit die skatkis aan die munisipaliteit maak.

Die raad sal die subsidie persentasie bepaal wat per dienste kategorie, per huishouding, op ‘n jaar-tot-jaar basis toegestaan word, afhangende van die inkomste uit die billikheidsaandeel. Die subsidie toewysing moet by die tariefbeleid/skedule ingesluit word en moet jaarliks saam met die begroting en tariewe hersien word.

11. KREDIETBEHEER EN SKULDINVORDERING:

Is ‘n prioriteit vir die raad, aangesien die raad dit ten doel het om sy uitstaande skuld te verminder.